

GEMEENTEKONFERENSIE 2016: WATER (Johan Nel)

1. Inleiding

Die droogte raak almal. Ons was in Desember vir 'n week in die sogenaamde Natal se "Midlands", waar dit omtrent elke middag gereën het. En teen omtrent die tweede dag het ons die herinnering aan die dor en droë landskap van die Vrystaat al begin vervaag. Nog twee dae later was ons al so aangepas by die wonderlike klimaat van ons omgewing, dat ons skaars daaraan gedink het dat ons eintlik die ergste droogte 'n meer as 'n eeu beleef. Op Kersdag egter, toe ons huis toe vertrek, het die toenemende woestynagtige landskap wat ons op pad insluk, ons vinnig weer uit die illusie wakker geskud. Dit was toe ons by ons oprit by die huis inry, en ek die 8 jaar oue populierbome wat ek self geplant het, en wat reeds etlike meters hoog die lug in gegroei het, wat 'n natuurlike blareboog van beskutting oor die oprit gevorm het, sien swaarkry, dat ek die swarmoedigheid soos 'n kombes oor my voel sak het. My bome het swaargekry, drie was reeds dood. En steeds word geen reën voorspel nie.

En meteens skrik ek skuldig op uit my toestand van neerslagtigheid. Hierdie bome is esteties pragtig, funksioneel, *maar ons leef nie daarvan nie. Ons eet nie hulle blare nie. Ons is stadskinders. Durf ons ooit beweer dat ons enigiets verstaan van die werklikheid van hulle wat vir hulle lewe van water wat nié uit 'n kraan of gekoopte bottel afkomstig is nie, afhanklik is?*

Die droogte raak almal, maar vir sommige waarskynlik méér as vir ander. Tydens hierdie aanbieding word gesteun op die beginsels van die Narratiewe Terapie, en kom verskillende sprekers kort-kort aan die woord.

2. Water, deur 'n pastorale bril gesien

Psalm 42, soos dit in die 1953 vertaling onder die opskrif *Heimwee na God* voorkom, plaas ons binne bekende kontekste, wat deur baie van ons vandag met die Psalmdigter gedeel word:

*Soos 'n hert wat smag na waterstrome,
So smag my siel na U, o God*

Droogte kom aan die orde. Maar tegelyk ook 'n groter, dieper dors. Die dors na God.

Jesus se aanbod aan die Samaritaanse vrou by die put, om vir haar die lewende water te gee sluit hierby aan:

Die vrou sê toe vir Hom: "Meneer, jy het nie eens 'n skepding nie, en die put is diep. Waar gaan jy die lewende water vandaan kry? Jy is tog nie tot meer in staat as ons voorvader Jakob wat hierdie put vir ons gegee het en self saam met sy seuns en sy diere daaruit gedrink het nie?"

Maar Jesus antwoord haar: "Elkeen wat van hierdie water drink, sal weer dors kry; Maar wie van die water gedrink het wat Ek hom sal gee, sal in alle ewigheid nooit weer dors kry nie. Nee, die water wat Ek hom sal gee, sal in hom opborrel en vir hom die ewige lewe gee".

Johannes 4:10 – 15

‘n Bifokale lens: Pastoraat wil

- Heel
- Onderhou
- Lei
- Versoen
- Versorg (nurture)
- Bevry
- Bemagtig
- Interpreteer

Pastoraat wil ook

- Terapeuties wees
- Verandering en transformasie fasiliteer
- Spirituele groei, heling en volwassenheid bevorder
- ‘n spesifieke verstaan van pastorale antropologie veronderstel

**“The human person as a spiritual entity endowed with ‘soul’, driven by ultimate norms, values and directed by significance and meaning”
(Louw 2008:77)**

3. Antropologiese lens op die mens

Die antropologiese vraag is: Wat beteken dit om mens te wees?

- Shirley Guthrie (1979:130): *‘n Antropologie gebaseer op geloof gebaseer op geloof in die drie-enige God wat die Skepper, die Verlosser en die Lewens gewer is. Hierdie is die onderskeidingskarakter van Pastorale Terapie.*
- Belangrike vrae in die soeke na ‘n Pastorale Antropologie:
 - Die God-mens verhouding (wie is ons in verhouding tot God?)
 - Mense as Spirituele wesens – wie is ons in verhouding tot onself en ander mense?

Wie is ons dan inderdaad in verhouding tot God?

- Imago Dei (beeld van God)
- Relasionele (verhoudings)
- Gegronde in die Drie-eenheid
- Geskape met ‘n liggaam – met emosies, verstand, rasioneel, ensovoorts
 - In die hier-en-nou, besig met die realiteite van elke dag
- Jesus Christus as die Beeld van die onsigbare God (Kol. 1:15) maar tegelyk ook ware mens (Heb. 2:14) (Belangrik: – ons Christologiese verstaan)
- Spirituele wese (gevol met die Gees)
- Bron van ons identiteit in terme van God en ander
- Etiese opdrag en roeping
- Verlede, hede en toekoms (eskatologiese implikasies)
- Afhanklik van God
- Vrygespreek deur God
- Deur God bevry: vry om te kies, vry om te doen

Om mens te wees, omvat die volle spektrum van ervaring, beleving en deurlewing van die werklikheid in al sy konsekwensies. Soos Karen Blixen (1988) skryf: *I have a*

farm in Africa. Hier vind ons 'n sinspeling op die moeilike omstandighede waaronder boere op die kontinent 'n bestaan probeer maak.

4. Op soek na metafore vir water, en die gebrek daarvan

Die Afrikaanse liedjieskrywer, Christopher Torr, eggenoot van die sangeres Laurika Rauch, het op 'n plaas in die Karoo by Graaff-Reinet grootgeword. Uit sy pen verskyn daar verskeie liedere wat die mens (antropologies) op verskeie terreine verbeeld, en ook die verbeelding daardeur *aangryp*.

Sy liedjie, *Stuur groete aan Mannetjie Roux*, is 'n voorbeeld hiervan. Die tema van water (of dan die gebrek daaraan) is baie diep ingebed in die teks van die lied.

Stuur groete aan Mannetjies Roux

*My oom se motor is 'n ou masjien, hy maak dit vol met dieselien
En hy ry deur die lande
My oom is oud en ek is skaars dertien*

***O stuur ons net 'n bietjie reën, my oom het 'n tenk vol dieselien
En seën my ma en seën my pa en my oom op sy plaas in Afrika***

*Maar my oom het gesukkel op die plaas
want die son was te warm en die reën te skaars
en die man van die bank het net sy kop geskud
want my oom, ja my oom was te diep in die skuld*

Die beeld gebruik word sterk ontleen aan die Suid-Afrikaanse konteks. Literêr beskou is daar plekname wat streeks spesifiek is, tradisioneel fors figure vorm die karakters, daar is ondertone van sterk aardse drifte, streng godsdienstigheid, gebondenheid aan die seisoene en liefde vir die grond.

As agtergrond word die legendariese drie wat Springbokrugbyspeler Mannetjies Roux in 1962 teen die Britse leeu gedruk het, aangehaal.

Die herinnering aan die drie laat die "oom" (boer) bly hoop dat die onmoontlike soms kan gebeur. Ten spyte van die uitmergelende droogte, kan dit dalk tog reën! Die refrein vorm die sekuriteit waaraan vasgehou word: gebed. *Stuur ons net 'n bietjie reën... en seën my ma en my pa en oom op sy plaas.*

Maar die tragedie speel uit: die boer pleeg selfmoord. Die brief waarna verwys word, is vermoedelik die selfmoordbrief (*my oom, ja my oom se oë is nou albei toe, in sy [selfmoord]brief stuur hy groete aan Mannetjie Roux.*) Sy gebede en pleidooie by die bankbestuurder het op dowe ore geval, want *my oom, ja my oom was te diep in die skuld.*

Die dertienjarige dogter op die plaas in Afrika moet op haar jeugdige leeftyd reeds sin probeer maak uit die droogte, die smagting, die hoop en die wanhoop.

5. 'n Boer se narratief

'n Boer uit die Noord-Kaap vertel:

Na byna twee jaar waarin daar nie 'n druppel reën geval het nie, met geen vooruitsig op uitkoms nie, begin mens die impak voel. Die veld het 'n woestyn geword. Daar is net 50% van die diere oor, en dié is in gehawende toestand.

Jy word tot in jou gees gekonfronteer. Want dis wie ek is: iemand in wie se murg die veld en die diere kom sit het. Om aasvoëls op jou lande te sien draai, word 'n algemene, daaglikse belewenis. En jy vermy, want jy weet, die aasvoël dra die boodskap van dit wat jy netnou in die veld gaan sien. Nog een van jou kudde het gevrek (maar die man van die bank het net sy kop geskud...)

Maar hierdie droogte is 'n regverdige droogte. Almal loop deur. En dit bring ook die positiewe in mense na vore. Almal ondersteun mekaar. En die enigste manier wat jy dit kan hanteer, is deur jou geloof. Jy lees die Bybels soos jy dit nog nooit vantevore gelees het nie. Jy probeer sin maak, verklarings kry. Maar jy begin ook maar twyfel.

As jy my sou vra: watter soort hulp het boere nodig? Dan sou ek sê: reën natuurlik. Maar terwyl ons wag, het ons ondersteuning nodig. Van mekaar, maar ook uit die gemeenskap, veral van die kerk. In die meeste gevalle kry jy dit. Dit help, dis eintlik al wat help.

Jy is teleurgesteld in die regering. Maar jy is dankbaar teenoor ander. Boere wat nog voer het, stuur dit, ry dit teen groot koste aan. Dis goed vir jou psige om dit te beleef. Die gebaar is net so belangrik soos die voer. Jy weet, mense weet van jou.

6. Pastoraal terapeutiese inset

Onder al die vrae, is daar veral ook geloofsvrae. Mense begin vrae vra oor hulle geloof. Hulle bevraagteken selfs hulle eie geloof. Hulle vind uit: *geloof staan nie los van my nie. Jy trek dit nie uit soos skoene nie. Dit is deel van jou lewe.*

Die turbulensie in die gemoedere van mense wat ly, raak elke faset van menswees. Kognitief en rationeel weet ons wat ons glo. Emosioneel voel ons soms baie naby aan God, en ander kere weer asof Hy ons verlaat het. Ons belééf weer erediens. Ons kom agter dat tranes soms verligting bring.

'n Boer praat weer: *Maar in die eensame ure wanneer jy alleen is met jou gedagtes, begin jy twyfel aan dit wat altyd vir jou vanselfsprekende waarhede was. "God sal sorg", begin dun klink. Ons het altyd geweet dat God sal sorg, maar ons beleef dit nie nou nie. Vrae loop oor in emosie. Uiteindelik ontdek ek: dit is gesond om soms te twyfel; dit is goed om eerlik te wees daaroor (ek vra oor die reën en hy sê ja-nee).*

Die krag van 'n Narratief is onder andere daarin geleë dat die brein nuwe paadjies begin vorm. Wanneer ons woorde gee aan wat ons dink en hoe ons voel, help dit om uiteindelik ook oplossings te kry. Krisisse dwing mens om te dink, kreatief te raak. Nuwe vrae word gevra. Uiteindelik kan die verhouding met God verder verdiep. Ons praat met God, maar ons praat ook met mense. Ons sien God in ander mense raak (imago Dei).

7. Nie 'n punt nie, maar 'n pad

Nog 'n boer: *lewers tussen die wanhoop en die hoop (my oom het 'n tenk vol dieseliën...) kom die besef: my hele lewe is geskud. Familie, plaaswerkers, almal ly. Oud en jonk (my oom is oud en ek is skaars dertien). Ek ontvang deernis, en vind dat ek ook self ook meer deernis het. Ek waardeer die ruimte wat mense my gee, maar ek gee ook ruimte. Ek voel dat ek gehoor word, daarom luister ek, ek voel dat ek verstaan word, daarom probeer ek ook beter verstaan. Ek ervaar dat iemand nie op my opgee omdat ek anders geword het nie, of kwaai of depressief nie. En ek is dankbaar daarvoor.*

Ek kan waag om saam met Job te sê: "Tot nou toe het ek net gehoor wat mense van U sê, maar nou het ek U self gesien" (Job 42:5).

8. Die gang

In 1991 skryf Christopher Torr *Die gang*, as opvolg vir Mannetjies Roux. Dit was 'n onsekere tyd vir Suid-Afrika, op alle gebiede.

Dit vertel die verhaal van 'n middeljarige vrou (dalk die 13-jarige dogtertjie?) wat pas van haar man geskei is. Sy gaan kuier (weer) weer op die plaas, om weg te kom van die seer en onsekerheid van haar egskeiding. Daar is nie elektrisiteit op die plaas nie. Die sinspeling kan vertolk word as die vonk tussen man en vrou wat kan verdwyn. Menslike wantroue en verraad (*soos die aarde draai sal 'n haan weer kraai*) vorm deel van ons lewens en bestaan. Op die portrette teen die muur van die ou helde uit die Boereoorlog, lyk die perde se oë moeg, want die strewe na vrede is 'n eindelose stryd.

Die basiese emosie is weer onsekerheid, en die kwesbaarheid van die mens word uitgewys: "*Die vlam is delikaat en fyn, en dit kan soos 'n dief in die donkernag verdwyn*".

Uiteindelik seëvier die hoop. Op dié plaas het daar 'n tragedie na die droogte afgespeel, maar die storm wat woed, bring ook weer reën, (en sou kon vertaal met seën, soos die dogtertjie in Mannetjies Roux gebid het.

Sy maak die ontdekking- hoe traumaties ookal die gebeure, dit is noodsaaklik vir groei en vooruitgang. 'n Gang lei iewers heen. Dit doel daarvan is om 'n deurgang moontlik te maak. 'n Gang ook uit droogte na reën. Geanker in dit wat deel is van ons bloed: geloof, hoop en liefde.